


Deur President Thomas S. Monson.

# Wees 'n Voorbeeld en 'n Lig

*Soos wat ons die voorbeeld van die Verlosser nastreef, sal die geleentheid ons s'n wees om 'n lig in die lewens van andere te wees.*

My broers en susters, hoe dankbaar is ek om weer saam met julle te wees. Soos wat julle weet, sedert ons saam was in April, is ons bedroef as gevolg van die afsterwe van drie van ons geliefde apostels. President Boyd K. Packer, Ouderling L. Tom Perry, en Ouderling Richard G. Scott. Hulle het na hul hemelse tuiste terug gekeer. Ons mis hulle. Ons is dankbaar vir hul voorbeeld van Christelike liefde en vir die besielende leerstellinge wat hulle aan ons nagelaat het.

Ons verwelkom met ope arms ons nuutste Apostels, Ouderling Ronald A. Rasband, Ouderling Gary E. Stevenson, and Ouderling Dale G. Renlund. Hierdie is mans wat toegewy is aan die werk van die HERE. Hulle is hoogs gekwalifiseerd om die belangrike poste te vul waarin hulle nou geroep is.

Soos wat ek die skriftiere in die laaste tydjie bestudeer en bepeins het, het twee skrifgedeeltes veral vir my uitgestaan. Albei is wel bekend. Die eerste een is uit die Bergpredikasie: "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."[1] Die tweede skrifgedeelte is een wat in my gedagtes opgekom het terwyl ek die betekenis van die eerste een bepeins het. Dit is uit die Apostel Paulus se Sendings brief aan Timótheüs: "Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."[2]

Ek glo dat die tweede skriflesing, in grote maat verduidelik, hoe ons die eerste skriflesing kan vermag. Ons word 'n voorbeeld vir die gelowiges deur die evangelie van Jesus Christus te lewe, in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. Soos ons dit doen, sal ons lig skein vir ander, om dit te sien.

Elkeen van ons wat na hierdie aarde kom, ontvang die Lig van Christus. Soos ons die voorbeeld van die Verlosser volg en lewe soos Hy geleef het, sal dáárdie lig binne in ons brand en die weg vir ander verlig.

Die Apostel Paulus bied aan ons 'n lys van ses eienskappe van 'n gelowige, eienskappe wat ons in staat sal stel om ons lig te laat skyn. Laat ons na elkeen kyk.

Ek noem die eerste twee saam—wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord en in wandel. Die woorde wat ons gebruik kan mense oplig, of dit kan seer maak en verneder. In vandag se wêreld is daar 'n oormag van vloekwoorde wat ons amper omsingel op elke draai. Dit is moeilik om te vermei, om te hoor hoe die name van die Godheid so ligtelik en onbesonne gebruik word. Dit skyn dat kru aanmerkings alledaags geword het op televisie, rolprente, boeke, en musiek. Lasterlike aanmerkings en kwaai retoriek word heen en weer geslinger. Laat ons ander mense aanspreek met liefde en respek, ons taal altyd skoon hou en woorde of aanmerkings vermei wat ander mag kwes of aanstoot sal gee. Mag ons altyd die voorbeeld van die Verlosser volg, wie ander deur Sy hele bediening met sagmoedigheid en teerheid aangespreek het.

Die volgende eienskap wat deur Paulus aangeteken is, is welwillendheid, wat gedefinieër is as "die ware liefde van Christus."[3] Ek is baie seker dat daar binne die omvang van ons invloed mense is wat eensaam is, siek is, en diegene wat mismoedig is. Ons het die geleentheid om hulle te help en hulle geeste te verkwik. Die Verlosser het hoop aan die hopelose en krag aan die swakkelinge gebring. Hy het die siekes gesond gemaak; Hy het die verlamde mense laat loop, die blindes laat sien, en die dowes laat hoor. Hy

het tot mense uit die dood opgewek. Reg deur Sy bediening het Hy in welwillendheid uitgeryk na enigeen wat in nood was. Soos wat ons nastreef om Sy voorbeeld te volg, sal ons lewens seën, insluitende ons eie.

Volgende, moet ons 'n voorbeeld in gees wees. Vir my beteken dit, dat ons daarna strewe om vriendelikheid, dankbaarheid, vergifnis, en welwillendheid in ons lewens te ontwikkel. Hierdie waardes sal ons met 'n gees vul, wat die lewens van diegene om ons sal aanraak. Dit was my geleentheid in die verlede om 'n genootskap met talle individuë te hê wat hierdie gees besit het. Ons ervaar 'n spesiale gevoel wanneer ons saam met hulle is, 'n gevoel wat ons aanspoor om hulle as metgeselle te hê, en om hul voorbeeld na te streef. Die lig van Christus straal uit hulle uit en help ons om Sy liefde vir ons te voel.

Om te illustreer dat die lig wat uit 'n rein en liefdevolle gees kom deur ander herken word, deel ek 'n ondervinding met julle van jare gelede.

Gedurende daardie tyd, het leiers van die Kerk met amptenare van Jerusalem onderhandel om 'n huurkontrak te finaliseer vir die grond waarop die Jerusalem Sentrum gebou sou word. Om die toestemming te verkry wat nodig sou wees, moes die Kerk ooreenkom dat geen bekeringswerk gedoen sou word deur die kerklede wat die sentrum sou beman nie. Nadat die ooreenkoms bereik is, het een van die Israeli amptenare, wat die Kerk en sy lede goed geken het, aangemerk dat hy seker was dat die Kerk, die geen-bekeringswerk ooreenkoms, sou na kom. "Maar," het hy gesê, terwyl hy na die studente verwys het wat daar sou werk, "wat gaan ons doen aangaande die lig wat in hulle oë is?"[4] Mag daardie spesiale lig ewig binne ons skyn, sodat dit deur ander erken kan word, en waardeer kan word.

Om 'n voorbeeld van geloof te wees beteken dat ons in die HERE en Sy woord vertrou. Dit beteken dat ons die leerstellings besit en aankweek wat ons denke en aksies sal lei. Die geloof wat ons het in die HERE Jesus Christus, en ons Hemelse Vader sal alles beïnvloed wat ons doen. Te midde van die verwarring in ons era, die gewete-stryd, en die gewoel van daaglikse lewe, word 'n blywende geloof 'n anker in ons lewens. Onthou, dat geloof en twyfel nooit terselfde tyd in dieselfde verstand bestaan nie, want die een sal die ander verdryf. Ek wil herhaal wat ons herhaaldelik vertel word—om die geloof te ontwikkel en te behou wat ons nodig het, is dit noodsaaklik dat ons die skriftiere lees, bestudeer en bepeins. Kommunikasie met ons Hemelse Vader deur gebed is noodsaaklik. Ons kan nie bekostig om nalatig te wees in hierdie dinge nie, want die duiwel en sy engele soek onophoudelik vir 'n swakplek in ons panser, 'n afdwaling in ons geregtigheid. Die HERE het gese: "Soek eiwerig, bid gedurig, en wees gelowig, en alles sal meëwerk tot julle beswil."[5]

Ten laaste, ons moet rein wees, wat beteken dat ons skoon moet wees in liggaam, verstand, en gees. Ons weet dat ons liggame tempels is wat met eerbied en respek behandel moet word. Ons verstand moet met opliggende en verhewe denke gevul word en vry gehou word van dinge wat dit sal besoedel. Om die Heilige Gees as 'n voltydse metgesel te hê, moet ons waardig wees. Broers en susters, reinheid sal ons gemoedsrus bring, en sal ons kwalifiseer om die Verlosser se beloftes te ontvang. Hy het gesê, "En salig is al die reines van hart, want hulle sal God sien."[6]

Soos ons bewys dat ons 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid is, sal ons kwalifiseer om 'n lig aan die wêreld te wees.

Mag ek aan almal van julle, en veral julle jong mense sê: soos die res van die wêreld al hoe verder en verder weg beweeg van die beginsels en riglyne daargestel deur 'n liefdevolle Hemelse Vader, sal ons uitstaan teen die skare want ons is anders. Ons sal uit staan want ons kleredrag is beskeie. Ons sal anders wees want ons vloek nie, en omdat ons nie stowwe inneem wat skadelik is vir ons liggame nie. Ons sal anders wees omdat ons kru humor en afkrakende aanmerkings vermei. Ons sal anders wees, soos wat ons besluit om nie ons verstand met media keuses te vul wat laag en afbrekend is nie, en wat die Gees uit ons huise en lewens verjaag nie. Ons sal definitief uit staan wanneer ons keuses maak rakende moraliteid—keuses wat getrou bly aan evangeliese beginsels en standaarde. Daardie dinge wat ons verskillend maak van die res van die wêreld, vul ons ook met daardie gees en daardie lig, wat sal skein in 'n wêreld wat al hoe donkerder word.

Dit is somtyds moeilik om anders te wees en om alleen in die skare te staan. Dit is natuurlik om te vrees wat ander mag dink en sê. Vertroostend is die woorde van die Psalm: "Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?"[7] Soos ons Christus die middelpunt van ons lewens maak, sal ons vrese deur die moed van ons oortuiging vervang word.

Die lewe is vir geeneen van ons perfek nie, en soms mag die uitdagings en moeilike tye wat ons in die gesig staar, ons oorweldig, en maak dat ons lig nie meer helder skyn nie. Nieteenstaande, met help vanaf ons Hemelse Vader, saam met die ondersteuning van andere, kan ons ons lig herwin, wat dan ons eie pad sal verlig, en weereens die lig wat ander sou nodig het, verskaf.

Om te illustreer, deel ek met julle die woorde van 'n gunsteling gedig wat ek jare gelede vir die eerste keer gelees het:

*Ek het ŉ vreemdeling in die aand ontmoed*
*Wie se lamp nie meer geskyn het nie.*
*Ek het ŉ oomblik gewag terwyl*
*Hy sy lamp van myne aangesteek het.*

*ŉ Storm het later opgeruk*
*Wat die hele wêreld rondgeskud het.*
*En toe die wind bedaar*
*Was my lamp dood!*

*Maar die vreemdeling het na my toe teruggekeer—*
*Met sy lamp wat nog helder skyn!*
*HY het die waardevolle vlam uitgehou*
*En weer myne aangesteek!*[8]

My broers en susters, ons geleenthede om te skyn is elke dag om ons, in watter omstandighede ons onself ook al mag bevind. Soos wat ons die voorbeeld van die Verlosser nastreef, sal die geleentheid ons s'n wees om 'n lig in die lewens van andere te wees, of hulle ons eie familie lede en vriende mag wees, ons mede werkers, kennisse, of totale vreemdelinge.

Aan elkeen van julle, sê ek dat jy ŉ seun of dogter van ons Hemelse Vader is. Jy het uit Sy teenwoordigheid gekom om vir ŉ kort seisoen op hierdie aarde te lewe, om die Verlosser se liefde en leerstellings te reflekteer, en om jou lig dapper te laat skyn vir almal om te sien. Wanneer daardie seisoen eindig, as jy jou deel gedoen het, sal jy die glorieryke seëning ontvang om terug te keer en verewig in Sy teenwoordigheid te lewe.

Hoe gerusstellend is die woorde van die Verlosser: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."[9] Van Hom getuig ek. Hy is ons Redder en Verlosser, ons Advokaat met die Vader. Hy is ons Voorbeeld en krag. Hy is "die Lig wat in die duisternis skyn."[10] Dat elkeen onder die klank van my stem mag belowe om Hom te volg, om sodoende ŉ helder lig aan die wêreld te word, Is my gebed in Sy heilige Naam, selfs Jesus Christus die HERE, Amen.

**NOTAS**


1. Matthéüs 5:16.
2. 1 Timótheüs 4:12.
3. Moroni 7:47.
4. James E. Faust, "Die Lig In Hulle Oë," *Liahona,* Nov. 2005, 20.
5. Leer en Verbonde 90:24.
6. Matthéüs 5:8.
7. Psalm 27:1.
8. Lon Woodrum, "Lampe," *Die Verligte Pad,* Oct. 1940, 17.
9. Johannes 8:12.
10. Leer en Verbonde 6:21.

## Leerstellings van Ons Tyd

Vanaf November 2015 tot April 2016, moet die Melgisédekse Priesterskap en Verligtings Vereeniging lesse op die vierde Sondag voorberei word, uit een van die praatjies wat gegee is in die Oktober 2015 algemene konferensie. In April 2016 kan praatjies uit die April 2016 of Oktober 2015 algemene konferensie gekies word. Ring en distrik presidente kies die praatjies wat in hulle areas gebruik sal word, of hulle kan die verantwoordelikheid aan die biskoppe en tak presidente oordra.

Die praatjies is in baie tale beskikbaar by conference.lds.org.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van die *First Presidency Message, November 2015*. Africaans. 12591,501.



**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie

# Die Heilige Gees as Jou Metgesel

*Ons kan, as ons waardig lewe, die seëning van die Gees hê om saam met ons te wees, nie net nou en dan nie, maar altyd.*

My geliefde broers en susters, ek is dankbaar om saam met julle te wees op hierdie Sabbat dag in die algemene konferensie van die HERE se Kerk. Ek het soos julle, gevoel hoe die Gees, die Heilige Gees, getuig het van die woorde van waarheid wat ons gehoor en gesing het.

My doel is om vandag julle begeerte en vasberadenheid te vermeerder om die gawe te eis wat aan elkeen van ons belowe is, na ons doop. Gedurende ons bevestiging het ons hierdie woorde gehoor: "Ontvang die Heilige Gees."[1] Van daardie oomblik af het ons lewens vir ewig verander.

Ons kan, as ons waardig lewe, die seëning van die Gees hê om saam met ons te wees, nie net nou en dan nie, soos in merkwaardige ondervindinge wat ons vandag ondervind het nie, maar altyd. Van die woorde van die nagmaal gebed, weet julle hoe daardie belofte vervul word: "O God, die Ewige Vader, ons vra U in die naam van U Seun, Jesus Christus, om hierdie brood te seën en te heilig aan die siele van al diegene wat daarvan gebruik; dat hulle dit mag eet ter gedagtenis aan die liggaam van U Seun, en voor U, O God, die Ewige Vader, mag getuig dat hulle gewillig is om die naam van U Seun aan te neem, en Hom altyd in gedagtenis te hou, en Sy gebooie wat Hy aan hulle gegee het, te bewaar."

En dan kom die glorieryke belofte: "Sodat hulle *altyd* Sy gees met hulle mag hê" (L&V 20:77; klem bygevoeg).

Om altyd die Gees met ons te hê is om die leiding en besturing van die Heilige Gees in ons daaglikse lewens te hê. Ons kan, byvoorbeeld, gewaarsku word deur die Gees om die versoeking te weerstaan om kwaad te doen.

Vir daardie rede alleen is dit maklik om te sien hoekom die HERE se dienaars probeer het om ons begeerte om God in ons nagmaal dienste te aanbid, te vermeerder. As ons die nagmaal in geloof geniet, sal die Heilige Gees dan in staat wees om ons, en diegene wat ons lief het, te beskerm teen die aanslae van die duiwel wat met groter intensiteit en veelvuldigheid kom.

Die genootskap van die Heilige Gees maak dit wat goed is meer aantreklik, en versoeking minder behaaglik. Dit alleen behoort genoeg te wees om ons vasbeslote te maak om te kwalifiseer om die Gees altyd by ons te hê.

Net soos die Heilige Gees ons teen onheil versterk, so gee Hy ons ook die mag om tussen waarheid en valsheid te onderskei. Die waarhede wat die meeste beteken, is die wat deur openbaring van God af, bevestig word. Ons menslike rede en die gebruik van ons fisiese sintuie sal nie genoeg wees nie. Ons lewe in tye waar tot die wyse mense alles sal moet uithaal om waarheid van bekwame oë-verblindery, te onderskei.

Die HERE het Sy Apostel Thomas geleer, toe hy fisiese bewys van Christus se Opstanding wou hê, deur Sy wonde aan te raak, dat openbaring ŉ veiliger roete is: "Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het." (Johannes 20:29).

Die waarhede wat die weg terug na ons tuiste saam met God merk, word deur die Heilige Gees bevestig. Ons kan nie na die woud gaan en sien hoe die Vader en die Seun met die jong Joseph Smith praat nie. Geen fisiese bewyse of enige logiese argument kan bevestig dat Elia gekom het soos wat belowe is nie, en dat hy die sleutels tot die priesterskap oorgedra het, wat nou deur die lewende profeet, Thomas S. Monson, gehou en uitgevoer word nie.

Bevestiging van die waarheid kom tot ŉ seun en dogter van God, wat die reg geëis het om die Heilige Gees te ontvang. Omdat valshede en leuns

enige tyd aan ons voorgelê kan word, moet ons ten alle tye die invloed van die Gees van die Waarheid hê om ons oomblike van twyfel te spaar.

Terwyl George Q. Cannon 'n lid van die Kworum van die Twaalf Apostels was, het hy ons aangespoor om te strewe om altyd die Gees met ons te hê. Hy het belowe, en ek belowe dit ook, dat as ons daardie rigting kies, ons "nooit 'n tekort aan kennis van die waarheid sal hê nie", en "nooit sal twyfel of in donkerte wandel nie", en ons "geloof sal sterk wees, en [ons] vreugde . . . vol."[2]

Ons benodig die voltydse hulp komende van die kammeraadskap van die Heilige Gees vir nog 'n rede. Die afsterwe van 'n geliefde kan onverwags kom. Dit is die getuienis vanaf die Heilige Gees van die realityd van 'n liefdevolle Hemelse Vader en 'n verrese Verlosser wat ons hoop en vertroosting bied, met die verlies van 'n geliefde. Daardie getuienis moet vars wees wanneer die dood aanbreek.

So, vir baie redes, benodig ons die voltydse kammeraadskap van die Heilige Gees. Ons begeer dit, maar ons weet uit ondervinding dat dit nie maklik is om te behou nie. Elkeen van ons dink, sê, en doen dinge elke dag van ons lewens wat die Gees aanstoot kan gee. Die HERE het ons geleer dat die Heilige Gees ons voltydse metgesel sal wees wanneer ons harte vol liefde is, en wanneer deugsaamheid ons gedagtes voordurend versier (sien L&V 121:45).

Vir diegene wat sukkel met die hoë standaard wat benodig word vir die gawe van die Gees se kammeraadskap, bied ek die volgende aanmoediging aan. Julle het tye gehad wanneer julle die invloed van die Heilige Gees gevoel het. Dit mag vandag vir julle gebeur het.

Jy kan daardie oomblikke van inspirasie aanskou soos die saad van geloof wat deur Alma beskryf word (sien Alma 32:28). Plant elke een. Jy kan dit doen deur op 'n indruk wat jy gevoel het te reageer. Die belangrikste inspirasie sal wees vir jou, om te weet wat God wil hê jy moet doen. As dit is om jou tiende te betaal, of om 'n rouende vriend te besoek, doen dit. Wat dit ook al mag wees, doen dit. Wanneer jy jou gewilligheid demonstreer om gehoorsaam te wees, sal die Gees jou nog indrukke stuur, van wat God wil hê jy vir Hom moet doen.

Soos wat jy gehoorsaam is, sal die indrukke van die Gees meer gereeld kom, nader en nader totdat dit voltydse kammeraadskap word. Jou krag om reg te kies, sal vermeerder.

Jy kan weet wanneer hierdie indrukke, om namens Hom op te tree, van die Gees afkomstig is, eerder as jou eie begeertes. Wanneer die indrukke inlyn is met dit wat die Verlosser en Sy lewende profete en apostels gesê het, kan jy met vertroue kies om gehoorsaam te wees. Die Here sal dan op sy beurt, jou seën met Sy Gees om saam met jou te wees.

By voorbeeld, as jy 'n geestelike indruk kry om die Sabbat dag te eer, veral as dit moeilik is om te doen, sal God Sy Gees stuur, om jou te help.

Daardie hulp het jare gelede na my vader gekom, toe sy werk hom na Australië geneem het. Hy was alleen een Sondag, en wou graag die nagmaal neem. Hy kon geen inligting oor Kerk vergaderings in die omgewing vind nie. Toe begin hy stap. Op elke kruising het hy gebid om te weet watter rigting hy moes neem. Nadat hy al vir 'n uur lank geloop en elke nou en dan gedraai het, het hy gestop om weer te bid. Hy het 'n indruk gekry om in 'n sekere straat af te draai. Kort voor lank het hy mense gehoor sing vanuit die grondverdieping van 'n woonstel blok naby hom. Hy het by die venster ingekyk en 'n paar mense gesien wat voor 'n tafel gesit het met 'n wit tafeldoek daaroor en nagmaal skinkborde daarop.

Dit mag dalk nie soos iets verskriklik klink vir julle nie, maar vir hom was dit wonderlik. Hy het geweet dat die belofte van die nagmaal gebed vervul was: "Hom altyd in gedagtenis te hou, en Sy gebooie wat Hy aan hulle gegee het, te bewaar, sodat hulle altyd Sy Gees met hulle mag hê" (L&V 20:77).

Dit was net een voorbeeld van 'n tyd toe hy gebid het en gedoen het wat die Gees hom vertel het, God wil hê hy moet doen. Hy het jaar in en jaar uit daaraan gewerk, net soos ek en jy sal. Hy het nooit oor sy geestelikheid gepraat nie. Hy het net altyd aangehou om klein goedjies te doen wat die HERE wou hê hy moes doen.

Wanneer 'n klein groepie Kerklede wou hê hy moes hulle toespreek, het hy dit gedoen. Dit het nie saak gemaak of dit 10 of 50 mense was nie, of hoe moeg hy was nie. Hy het sy getuienis van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees en van die profete gelewer wanneer ookal die Gees hom aangespoor het om dit te doen.

Sy hoogste roeping in die Kerk was om op die Bonneville Utah Ring hoë kansel te dien, waar hy onkruid uitgetrek het op die Ring plaas, en 'n Sondag Skool klas onderig het. Oor die jare, soos wat hy dit benodig het, was die Heilige Gees daar as sy metgesel.

Ek het langs my pa gestaan in 'n hospitaal kamer. My ma, sy vrou van 41 jaar, het op die bed gelê. Ons het vir ure oor haar gewaak. Ons het gesien hoe die lyne van pyn uit haar gesig verdwyn. Die vingers van haar hande, wat in vuiste gebal was, het ontspan. Haar arms het langs haar sye te ruste gekom.

Die pyn van dekades van kanker het tot 'n einde gekom. Ek het op haar gesig 'n uitdrukking van vrede gesien. Sy het 'n paar kort asems geneem, toe gesnak, en toe stil gelê. Ons het daar gestaan om te sien of nog 'n asem geneem sou word.

Eindelik, het Pa stil gesê, "'n Klein meisie het huis toe gegaan."

Hy het geen trane gestort nie. Dit is omdat die Heilige Gees lank gelede al vir hom 'n helder prentjie gegee het van wie sy was, waar sy vandaan gekom het, wat sy geword het, en waarheen sy sou gaan . Die Gees het telkemale in die verlede aan hom getuig van 'n liefdevolle Hemelse Vader, van 'n Verlosser wat die bande van die dood gebreuk het, en van die realiteit van die tempel verseëling wat hy met sy vrou en familie deel.

Die Gees het lank tevore al aan hom getuig van haar goedheid en

geloof wat haar gekwalifiseer het om na haar hemelse tuiste terug te keer, waar sy onthou sal word as 'n wonderlike kind van belofte en met eer terug verwelkom sou word.

Vir my Vader was dit meer as 'n hoop. Die Heilige Gees het dit 'n realiteit vir hom gemaak.

Nou, party sal dalk sê dat sy woorde en die prentjie in sy verstand aangaande 'n hemelse tuiste maar net die tere gevoelens, die bedrukte oordeel was van 'n eggenoot ten tye van sy verlies. Maar hy het ewige waarheid geken, volgens die enigste manier waarop ons dit kan weet.

Hy was 'n wetenskaplikke wat vir die waarheid in ons fisiese wêreld regdeur sy volwasse lewe gesoek het. Hy het die gereedskap van 'n wetenskaplike goed genoeg gebruik om regdeur die wêreld deur sy eweknieë vereer te word. Meeste van wat hy in chemie vermag het, het gekom as gevolg daarvan dat hy in sy gedagtes gesien het hoe die molekules rond beweeg, hy het daarna sy visioene deur eksperimente in die laboratorium bevestig.

Maar hy het 'n ander pad gevolg om die waarhede te ontdek wat van allergrootste belang vir hom en elkeen van ons is. Dit is net deur die Heilige Gees wat ons mense en gebeure kan sien soos wat God dit sien.

Daardie gawe het aangehou in die hospitaal lank na sy vrou oorlede is. Ons het al my ma se goedjies bymekaar gemaak om dit huis toe te neem. Vader het gestop om elke verpleegster en dokter te bedank wat ons ontmoet het, op pad uit na die motor toe. Ek onthou dat ek, met 'n bietjie irritasie, gevoel het dat ons moes ry om alleen met ons smart te kon wees.

Ek besef nou dat hy dinge gesien het wat net die Heilige Gees aan hom kon wys. Hy het daardie mense gesien as engele wat gestuur was om na sy liefling om te sien. Hulle mag hulself dalk gesien het as profesionele mediese amptenare, maar my vader het hulle bedank vir hulle diens namens die Verlosser.

Die invloed van die Heilige Gees het by hom gebly toe ons by my ouers se woning gestop het. Ons het vir 'n paar minute in die sitkamer gesêls. Vader het homself verskoon om na sy naby geleë slaapkamer te gaan.

Na 'n paar minute, het hy na die sitkamer terug gekeer. Hy het 'n aangename glimlag op sy gesig gehad. Hy het stilweg na ons toe geloop en het saggies gesê, "ek was bang Mildred sou alleen in die geestes wêreld aankom. Ek het gedag sy sou verlore voel in die skare."

Toe sê hy glimend, "Ek het gou gebid. Ek weet dat Mildred gerus is. My moeder was daar om haar te ontmoed."

Ek onthou dat ek geglimlag het toe hy dit gesê het, denkende dat my ouma, met haar pompende kort beentjies, vinnig deur die skare beweeg het om haar skoon-dogter te ontmoet, en haar in haar arms te neem toe sy opgedaag het.

Nou, een van die redes hoekom my vader vir hierdie vertroosting gevra het en dit ontvang het, was omdat hy van sy kinderjare reeds in geloof gebid het. Hy was gewoond daaraan om antwoorde te ontvang, wat na sy hart gekom het om leiding en vertroosting te gee. Bo en behalwe dat hy 'n gewoonte gehad het om te bid, het hy die skriftiere en die woorde van die lewende profete, geken. So het hy die bekende fluistering van die Gees herken wat ons miskien vandag gevoel het.

Die kammeraadskap van die Heilige Gees het meer gedoen as om hom net te vertroos en te lei. Dit het hom deur die Versoening van Jesus Christus verander. Wanneer ons daardie belofte aanvaar om die Gees ten alle tye met ons te hê, kan die Verlosser ons die reiniging skenk wat ons nodig het om die ewige lewe te beërwe, die grootste van al die gawes van God (sien L&V 14:7).

Jy onthou die Verlosser se woorde: "Nou, dit is die gebod: Bekeer, al julle eindes van die aarde, en kom na My en word gedoop in My Naam, sodat julle geheilig mag word deur die ontvangs van die Heilige Gees, sodat julle vlekkeloos mag staan voor My in die laaste dag" (3 Nefi 27:20).

Daardie gebooie kom met hierdie belofte van die HERE:

"En nou, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, plaas jou vertroue in daardie Gees wat tot goeddoen lei—ja, om regverdig te handel, om nederig te wandel, om regverdig te oordeel; en dit is My Gees.

"Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, Ek sal van My Gees aan jou meëdeel wat jou verstand sal verlig, wat jou siel met blydskap sal vul" (L&V 11:12–13).

Ek verklaar aan julle my getuie dat God die Vader lewe, dat die verrese Jesus Christus Sy Kerk lei, dat President Thomas S. Monson al die sleutels van die priesterskap hou, en dat openbaring deur die Heilige Gees Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, en sy nederige lede lei en onderhou.

Ek getuig vêrder aan julle, dat hierdie wonderlike mans wat ons vandag as getuies van die HERE Jesus Christus aangespreek het, as lede van die Kworum van die Twaalf Apostels, geroep is, deur God. Ek weet dat die Gees President Monson gelei het, om hulle te roep. En soos wat julle na hulle en hul getuienis geluister het, het die Heilige Gees bevestig wat ek nou vir julle gaan sê. Hulle is deur God geroep. Ek ondersteun hulle en is lief vir hulle en weet dat die HERE hulle ook lief het en hulle sal ondersteun in die diens wat hulle gaan lewer. Ek getuig dat dit waar is in die naam die HERE Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. *Handboek 2: Administrasie van die Kerk* (2010), 20.3.10.
2. Sien George Q, Cannon, in "Notule van 'n Konferensie," *Millenial Star,* 2 Mei, 1863, 275-76.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, November 2015.* Afrikaans. 12591,501.